Behuisingkwessie kan lei tot Eskom-staking tydens sokker

Sake-siening

Jan de Lange

Dis uiteindelik sulke tyd – oor elf dae klap 'n sokkerstewel vir die eerste keer teen 'n sokkerbal vir die begin van die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi.

Wonder iemand of Fifa dalk daarvoor gesorg het dat daar sokkerballe beskikbaar is wat gloei in die donker? Om voorsiening te maak vir komende kragonderbrekings wanneer Cosatu landwyd staak? Of die National Union of Mineworkers (NUM) by Eskom staak?

Cosatu wag volgens mnr. Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris, op die reaksie van die regering en Eskom en ander partye op sy beoogde kennisgewing van landwye protes voordat hy besluit of hy tydens die toernooi gaan staak. Dit sal op 14 Junie in Nedlac gegee word, het die regering glo belowe.

Tot dusver was die regering traag om te reageer op Cosatu se eise dat die verhoging van 25% in elektrisiteitstariewe vir drie jaar agtereenvolgens afgeskaf word en dat ander maniere gevind word om Eskom te finansier.

Daar moet liewer gekyk word na 'n bykomende belasting, wat armes minder sal slaan, as die skerp verhogings in elektrisiteitstariewe, sê Vavi.

Dis moeilik om te sê of die proses in Nedlac wel tydens die sokkertoernooi op 'n landwye algehele werkerstaking deur Cosatu gaan uitloop.

Teoreties moet Nedlac ná die vergadering op 14 Junie 'n sertifikaat uitreik dat Cosatu se grïewe behoorlik oorweeg is en nie opgelos kon word nie. Dit sal die vakverbond die reg gee om só 'n staking uit te roep met wetlike beskerming teen afdanking of ander tugstappe deur werkgewers.

Daar is egter 'n paar regstegniese besware of strategiese maniere waarop die teenpartye die proses langer kan uitrek.

Hulle sal beslis probeer om dit te doen en dit waarskynlik regkry.

Dit sal bitter moeilik wees om die Nedlac-proses af te handel en Cosatu se twee miljoen lede vir 'n staking te mobiliseer voordat die toernooi verby is. Maar in die sokkerkoors wat nou heers, is 'n algehele staking vir Cosatu 'n handige dreigement by die onderhandelingstafel.

Die uitsig oor die Peter Mokaba-stadion in Polokwane tydens 'n vroeëre vriendskaplike wedstryd tussen Supersport United en Brondby IF. Dit is een van die amptelike stadions vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi, wat oor elf dae begin.

Foto: FOTO24

Die loononderhandelinge en dreigement van 'n staking by Eskom moet veel ernstiger opgeneem word.

Daar is amptelik nog geen dispuut verklaar by Eskom nie en 'n staking sal dus heeltemal onbeskermd wees. Eskom is tot 'n noodsaaklike diens verklaar kragtens die Wet op Arbeidsverhoudinge en 'n staking daar is dus in elk geval onbeskermd – werkers wat aan 'n staking deelneem, kan afgedank word.

Maar die reg om te staak, word selfs by sulke noodsaaklike dienste beskerm. 'n Werkgewer word in sulke gevalle deur die wet verplig om 'n minimum dienste-ooreenkoms met sy werknemers te sluit om sulke noodsaaklike dienste in stand te hou tydens 'n staking.

Daar was só 'n ooreenkoms, maar die vakbonde in Eskom het in 2003 gevra dat dit opgeskort word omdat die minimum dienste na hul mening te wyd omskryf is. Hulle wou 'n nuwe ooreenkoms beding.

Eskom se bestuur het destyds ingestem om die ooreenkoms op te skort, maar sedertdien is geen vordering gemaak met onderhandelinge om 'n nuwe ooreenkoms te sluit nie.

En vakbonde voel die afgelope twee jaar toenemend gegrief daaroor. "As Eskom die wet kan ignoreer oor noodsaaklike dienste, kan ons dit ook doen. En die Wêreldbeker-sokkertoernooi is waarskynlik die beste tyd daarvoor," sê 'n bron in die NUM verlede week.

Die NUM verteenwoordig sowat 12 000 werkers in Eskom, Solidariteit 7 000 en die National Union of Metalworkers (Numsa) 5 000.

Numsa, wat saam met die NUM by Cosatu geaffilieer is, het lede by Eskom gewerf voor Cosatu se stigting in Desember 1986. Cosatu het besluit dat die NUM die vakbond is wat Eskom se werkers behoort te verteenwoordig, maar Numsa verseg al die jare om sy lede by Eskom aan die NUM oor te dra.

Die twee vakbonde is as meer as twee dekades lank, sedert Cosatu se stigting, haaks oor wie die grootste invloed in Cosatu uitoefen. Die NUM is die grootste en invloedrykste vakbond in die vakverbond. Numsa het lank die tweede plek beklee, maar is deesdae in die derde plek ná die NUM en die onderwysvakbond SA Democratic Teachers' Union (Sadtu).

Eskom is nou besig om die slagveld te word in 'n magstryd tussen die NUM en Numsa in die aanloop tot Vavi se uittrede as Cosatu se hoofsekretaris in 2012.

Die NUM wil hê sy hoofsekretaris, mnr. Frans Baleni, moet Cosatu se hoofsekretaris word wanneer Vavi in 2012 uittree en Numsa wil sy hoofsekretaris, mnr. Irvin Jim, in dié pos instem.

Dié vakbond het dikwels 'n stabiliserende uitwerking op sy lede, maar voorverlede week is mnr. Paris Mashego, voorsitter van die NUM se opsienersraad in Eskom, eenparig uitgestem toe hy die res van die opsieners probeer oorreed het om af te sien van planne om by Eskom te staak.

Die ontevredenheid spruit uit verlede jaar se loononderhandelinge. Huisvesting was 'n brandpunt in verlede jaar se onderhandelinge wat nie opgelos kon word nie.

'n Taakgroep sou dit verder voer nadat op 'n loonverhoging ooreengekom is. Die taakgroep sou die behuisingsbeleid, met 'n huisvestingsubsidie, voor einde verlede jaar afhandel.

Maar in die drama oor die beëindiging van mnr. Jacob Maroga se diens en die bedanking van me. Mpho Letlape, Eskom se uitvoerende direkteur vir mensehulpbronne, is die taakgroep ontwrig en is nooit op 'n behuisingsbeleid ooreengekom nie.

Teen dié agtergrond is die gevaar vir arbeidsonstabiliteit by Eskom tydens die toernooi heelwat groter as die moontlikheid van 'n algehele werkerstaking deur Cosatu.